B.b 35

LL

Saak No 366/1988

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

HENRY PETER COLLINS — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: BOTHA, VIVIER ARR et NICHOLAS Wn AR

VERHOORDATUM: 13 MAART 1990

LEWERINGSDATUM: 29 MAART 1990

UITSPRAAK

BOTHA AR:-

Die appellant het in die landdroshof van Johannesburg tereggestaan op 'n aanklag dat hy artikel 2 (a) van Wet 41 van 1971 oortree het, deurdat hy een Mandrax tablet verkoop het aan ene Meshack Ndlela. Hy het skuldig gepleit en is skuldig bevind. Die landdros het hom 'n vonnis opgelê van 4 jaar gevangenisstraf, waarvan hy 2 jaar gevangenisstraf opgeskort het vir 5 jaar op sekere voorwaardes. Teen hierdie vonnis het die appellant geappelleer na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling, wat sy appèl van die hand gewys het en hom verlof geweier het om 'n verdere appèl na hierdie Hof te voer. Daarna het die appellant 'n versoekskrif gerig aan die HOOFREGTER, ten gevolge waarvan aan hom verlof toegestaan is om teen sy vonnis na hierdie Hof in hoër beroep te kom.

Die appellant is 'n 37-jarige man wat geen vorige veroordelings van enige aard het nie. Sy persoonlike omstandighede en die omstandighede waaronder die oortreding gepleeg is, blyk uit die

volgende uittreksel uit die oorkonde, met betrekking tot die getuienis wat die appellant ter strafversagting afgelê het:

> "Ek is 37 jaar oud - ongetroud. Ek het 'n 13-jarige dogter. Sy woon by haar ma. Ek betaal R20,00 p.w. onderhoud. Ek smous met vrugte en lekkers by Noordgesig skoolterrein. Verdien R90,00 - R100,00 p.w. Ek woon in dieselfde huis as my ouers. My ouers kry pensioen. Ek help om kos te koop. Ek voel nie lekker oor die misdaad wat ek gepleeg het nie. Ek gebruik self dagga en Mandrax.
>
> Ek het net een pil by my gehad. As ek nie gesê was om dit te verkoop sou ek dit nie verkoop het, maar ek sou dit vat. Dit was verkoop gedurende polisieoptrede.
>
> V. Vir hoeveel het u die pil verkoop?
> A. R4,00.
> V. Hoeveel het u daarvoor betaal?
> A. R4,00.
> V. U het nie geweet dit was 'n polisie-lokval nie?
> A. Nee.
> V. Hoekom het u die pil verkoop?
> A. Die persoon aan wie ek die pil verkoop het is bekend aan my. Hy het my gevra om 'n pil aan hom te verkoop.
> V. Hoe het hy geweet u sal hom kan help?
> A. Ons werk saam - hy het geweet ek sal hê.
>
> Geen verdere vrae deur hof."

Die duidelike beeld wat hieruit na vore tree is dié van ŉ andersins wetsgehoorsame man wat egter dagga en Mandrax vir sy eie gebruik aanwend, en wat op hierdie besondere geleentheid ŉ Mandrax tablet wat hy by hom gehad het, verskaf het aan iemand wat aan hom bekend is en wat saam met hom werk, bloot omdat hy deur laasgenoemde gevra is om dit te doen, en teen betaling van dieselfde bedrag as wat hy self daarvoor betaal het.

In hierdie omstandighede, op die oog af beskou, is die vonnis wat die landdros die appellant opgelê het, een wat my tref as ŉ verrassende swaar straf. Die landdros se motivering van die vonnis waarop hy besluit het, blyk uit die uitspraak wat hy gelewer het tydens vonnisoplegging. Dit is ŉ baie volledige uitspraak, waarin al die tersaaklike aspekte van die appellant se persoonlike omstandighede en die omstandighede waaronder die oortreding begaan is, deur die landdros in oënskou geneem is, asook die algemene

rigsnoere wat by vonnisoplegging van toepassing is. Uit ŉ ontleding van sy uitspraak is dit egter duidelik dat die enkele faktor wat die swaarste geweeg het by die landdros, is die erns van die misdryf wat die appellant gepleeg het. Hy benadruk dit telkens in sy uitspraak, op verskillende maniere. Ek haal by wyse van voorbeeld slegs uit een passasie aan:

> "Die erns en euwel van hierdie tipe misdryf moet egter nou nie dan te gering geskat word wat [?weens] die persoonlike omstandighede van die beskuldigde nie. Die euwel van hierdie tipe misdryf is dan al ook beklemtoon in ons hoogste hof .... Dit is ook nie in die praktyk ongewoon om eerste oortreders selfs vir klein hoeveelhede dwelms betrokke gevangenisstraf op te lê nie ....".

Dit val nie te betwyfel nie dat handeldryf met dwelmmiddels soos Mandrax ŉ ernstige oortreding is. Terselfdertyd val dit ewe min te betwyfel dat, met verwysing na die besondere omstandighede van elke bepaalde geval, die erns van die oortreding ŉ baie wye verskeidenheid van skakerings en graderings kan aanneem. Dit word goed toegelig deur die kommentaar en

die voorbeelde wat vervat is in die uitspraak van VAN DEN HEEVER R in S v Serumala 1978 (4) SA 811 (NKA) op 813G-814H.

Die landdros sê in sy uitspraak dat hy bewus is van wat hy noem "die baie hulpvolle riglyne met betrekking tot vonnisoplegging vir hierdie tipe misdrywe", wat uiteengesit is in S v Serumala supra, maar as daar gekyk word na die vonnis wat hy die appellant opgelê het, is dit moeilik om te aanvaar dat hy werklik uiting gegee het aan die buitengewone omstandighede wat die besondere onderhawige oortreding onderskei van ander van "hierdie tipe". By wyse van teenstelling met handeldryf in ŉ "tegniese" sin, wat gegrond is op die inwerkingtreding van statutêre vermoedens, beskryf die landdros die appellant se optrede soos volg:

> "Hierdie is ŉ geval van suiwer direkte gewone handel in dwelmmiddels, geld oorhandig in ruil vir ŉ pil."

Die landdros se woordkeuse dui op ŉ miskenning van die

ware aard van die appellant se optrede. Dit was sekerlik geen "suiwer" of "gewone" vorm van handeldryf nie. Dit was 'n geïsoleerde, toevallige verskaffing van 'n enkele tablet aan 'n kollega, bloot omdat laasgenoemde daarvoor gevra het, en waarvoor vergoeding ontvang is sonder enige winsbejag.

Dat die landdros die pasgemelde belangrike feite nie na behore in berekening gebring het nie, blyk uit die voorlaaste paragraaf van sy uitspraak, wat die sleutel bevat tot die vonnis wat hy opgelê het. Dit lui soos volg:

> "Soos die Hof reeds gesê het met die inkomste wat u verdien is dit die Hof se opinie dat u nie die boete sal kan bybring wat die Hof in gedagte het vir 'n persoon wat direk dwelms verskaf nie. Die Hof is ook van mening vir 'n persoon wat nog steeds dwelms verskaf in die gewone betekenis dwelms verkoop dat ook 'n opgeskorte vonnis in die geheel nie vir so 'n persoon van pas is nie."

Daar is enkele onduidelikhede in hierdie uitlatings, maar dit is nie nodig om dit te probeer ontrafel nie. Een ding staan vas: die landdros se benadering het

berus op die veralgemening dat ŉ persoon wat "in die gewone betekenis dwelms verkoop", en wat weens sy skamele lewensbestaan nie ŉ gepaste boete kan betaal nie, noodwendig gevangenisstraf moet ondergaan. Deur so ŉ veralgemening het die landdros na my oordeel die uitoefening van sy diskresie by die oplegging van vonnis gekniehalter op ŉ wyse wat nie geregverdig was nie, en sodoende het hy sy diskresie nie behoorlik uitgeoefen nie.

In ŉ vroeëre gedeelte van sy uitspraak het die landdros gesê dat hy nie die erns van die misdryf uit die oog moet verloor nie, "sonder om dit oor te beklemtoon". Na my oordeel het die landdros nie daarin geslaag om hom te weerhou van ŉ oorbeklemtoning van die erns van die misdryf nie, en was die oorbeklemtoning daarvan verder van so ŉ aard, aan die hand van wat gesê is in S v Theron 1986 (1) SA 884 (A) op 895I-896D, dat dit die gevolgtrekking regverdig dat die landdros sy diskresie nie redelik uitgeoefen het nie.

As ek in die eerste plek belas was met die taak om die appellant te vonnis, sou ek, met die oog op die buitengewone omstandighede waaronder die oortreding gepleeg is, en in die besonder met die oog op die feit dat die appellant op 37 jaar geen vorige veroordeling het nie, hom 'n algehele opgeskorte vonnis van 2 jaar gevangenisstraf opgelê het. So 'n vonnis verskil so opvallend van dié wat die landdros opgelê het, dat hierdie Hof in ieder geval ook op hierdie grondslag geregtig en verplig is om in te gryp en die landdros se vonnis te verander.

Ten slotte moet volledigheidshalwe genoem word dat daar in die uitspraak van die Hof <u>a quo</u> niks voorkom wat ter sake is tot die bespreking van die landdros se uitspraak hierbo nie.

Die bevel van die Hof is soos volg:

Die appèl slaag. Die bevel van die Hof <u>a quo</u> word tersyde gestel en vervang deur die volgende bevel:

"Die appèl teen die appellant se vonnis word gehandhaaf. Die vonnis wat deur die landdros opgelê is, word tersyde gestel en vervang deur die volgende vonnis:

> '2 jaar gevangenisstraf, wat in die geheel opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 2 (a) of 2 (b) van Wet 41 van 1971 nie, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting en ten opsigte waarvan die beskuldigde gevonnis word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.'"

A.S. BOTHA AR

VIVIER AR

STEM SAAM

NICHOLAS WN AR